

MISSIONALE WERKSESSIE

AANGEBIED DEUR: NG SINODE HOËVELD

Inleidende gesprekke oor sekularisasie wat die wêreld soos donkerwolke toetrek en die buitengewone geleenthede wat dit bied om missionaal teenwoordig en effektief te wees.

WANNEER

21 Oktober 2017
10:00 – 13:00

WAAR

Sinodale Sentrum
Kempton Park

RSVP teen 16 Oktober 2017:

Natassja Marais

011 975 8220

pa@ngkhoeveld.co.za



TEMA:

**Missionaal in Sodom
en Gomorra!**

DOEL:

Om leiers en
gemeentelede te
bemagtig deur hulle
bewus te maak dat selfs
onder moeilike
omstandighede
(sekularisasie) dit
steeds moontlik en
voordeliger is om met 'n
missionale fokus in jou
Gemeente te
funksioneer.

SPREKERS:

Dr. Frederick Marais
Ds. Dirkie van der Spuy

VBO PUNTE

**3 punte kan verdien
word.**

GRATIS



TOIBO se Nuusbrief van September 2017 praat van die interessante gebeure wat die afgelope ruk plaasgevind het, o.a. optredes by gemeentes.

Lees ook die nuus van hul skole en dagboek Jak de Priester se konsert op 18 November 2017.

Lees die Nuusbrief [hier](#).

Saterdag, 18 Nov. 2017 om 09:30

Jak de Priester sing ten bate van Transvalia-Skool vir leerders met Epilepsie en Leergestremdheid.

R120 pp / R100* pp

**NG Kerk Lynnwood,
Sussexlaan, Lynnwood**

**Bespreek by Suné Coetzee (012 800 1071)
of Marietjie Landman (083 294 8246)**



TRANSORANJE

Institute for Special Education
Instituut vir Buitengewone Onderwys
NPO 001-597



Hier verander ons lewens!

WYS JOU OMGEE!

**SKENK OF BORG 'N PAAR NUWE SKOOLSKOENE VIR
'N MINDERBEVOORREKTE KIND!**



Gee af by:

TOIBO Duxburyweg 174 (Ingang 185)

Hillcrest Pretoria

Tel: 012-362 0660

Bankbesonderhede:

Transoranje Instituut

ABSA

Rekeningnr: 020 840 145

Donasie belastingaftrekbaar.

Ondesteun: Transoranje-skool vir Dawes – Prinsloo-skool vir Gesigsgestremdes
– Sonitruskool vir Gehoorgestremdes – Transvalia-skool vir Epilepsie en
Leergestremdheid – Hoërskool Martie de Plessis vir Serebraalgestremdes

Ons vra want God luister



*En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.
1 Johannes 5:15*

Dit is vroeg Maandagoggend, 14 Augustus 2017 en Alfred Johnny staan op die stoep van sy huis in Regent, 'n voorstad van Freetown, die hoofstad van Sierra Leone. Hy kyk uit oor die berg en die swaar reën van die afgelope paar dae. Ewe skielik hoor hy 'n harde geluid en sien hoe rotse, water en modder teen die berg afkom.

Die ondenkbare was besig om te gebeur. Die hele een kant van die berg, Sugar Loaf Mountain, was besig om te verskuif en het die gemeenskap van Regent verswelg. Strome water, modder en rotse het alles in die pad vernietig en huise in twee ander areas, Kamayama en Kaningo, is ook vernietig.

Meer as 3 000 mense het hulle huise weens hierdie ramp verloor en meer as 1 000 mense is dood in die modderstorting met honderde wat steeds vermis word.

Die Bybelgenootskap in Sierra Leone het dadelik ingespring en hande gevat met ander organisasies om na hierdie mense uit te reik. "Deur soos in die verhaal van die barmhartige Samaritaan uit te reik na ons landgenote wat diep getraumatiseerd is, dien ons ons Christelike missie," sê Christiana Jones, die Hoofsekreteraris van die plaaslike Bybelgenootskap.

"Ons wil uitreik na alle slagoffers van die modderstorting en hulle gesinne met kos, water, matrasse, maar ook met die Bybel om te help met die geestelike versorging van ons mense," vertel sy verder. "Ons wil ook die noodlenigingswerkers en vrywilligers ondersteun. Ons het hier te make met 'n diep getraumatiseerde samelewing – ons is nog besig om te herstel van 'n jarelange burgeroorlog en die Ebola-epidemie en nou dit. Veral die arm mense in ons land kry bitter swaar," voeg sy by.

Die Bybelgenootskap in Sierra Leone benodig ongeveer R1,2 miljoen om kos, matrasse en beddegoed, water en Bybels te voorsien aan duisende mense wat alles verloor het. Die koste van die 3 000 Bybels wat hulle dringend benodig, beloop sowat R175 000.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en ander Bybelgenootskappe in die wêreld wil hande vat met ons kollegas in Sierra Leone. Jou bydrae kan ons daarmee help!

Elke R200 wat ons ontvang, sal help met iets te ete en 'n Bybel vir twee persone.

Om 'n bydrae te maak, besoek <https://www.bybelgenootskap.co.za/index.php/af/take-action/projekte?id=347>.

Oorgeneem uit E-Saaier September 2017

Dit is NG Kerk Brakpan se honderdste bestaansjaar en ons beplan 'n heerlike feestyd vanaf 3 November – 5 Desember 2017.

Graag wil ons een en elk wat deel was van ons wonderlike gemeente se bestaan uitnooi om die spesiale tyd saam met ons te deel.

Ons sal dit oog op prys stel indien jy en jou familie en Gemeente lede die feesvieringe kan bywoon.

Ons nooi ieder en elk uit om ook Sondag ons Erediens en nagmaal by te woon.

Bevestig asseblief voor of op 10 Oktober 2017 by Martie Viljoen 0823237136.



Martin Mans – die befaamde orrelis van Nederland tree op by NG Gemeente Primrose-Heuwel!!

Dit is voorwaar 'n voorreg om Martin Mans te hoor speel. Hy is wêreldwyd bekend en sy musiek is van hoogstaande gehalte.

Ligte klassieke- gewyde- en Kersmusiek sal uitgevoer word.

PLEK: NG GEMEENTE PRIMROSE-HEUWEL (OMNIA)
CYDONIAWEG 117
PRIMROSEHEUWEL
1401

DATUM: SATERDAG, 14 OKTOBER 2017

TYD: 19:00

KOSTE: R 120-00 PER VOLWASSENE
R 50-00 PER KIND

CD's, Bladmusiek en DVD's sal te koop aangebied word.

Ligte aandete/kaas en wyn sal bedien word.

Navrae: Linda - ngkph@polka.co.za / 084 588 9570



Kaartjies beskikbaar by
Annatjie Krige
082 454 3520
Tafels R130 pp
Galery:
Volwassenes R100
Kinders R80

COENIE DE VILLIERS

WOENSDAG 15 NOVEMBER 2017 19:00 vir 19:30



NG Kerk Kempton Krag bied aan Dewald Gouws en sy orkes

Datum: 27 Oktober 2017

Plek: NG Kerk Kempton Krag, H/v Birch en
Addax Straat, Cresslawn, Kempton Park

Tyd: 18h30 vir 19h00

Prys: R100 p/p

Kontak: Tina - 082 359 5608

Ronel - 083 305 6799

Verversing sal verkoop word en sal beskikbaar wees vanaf 17h30

NG GEMEENTE STANDERTON-WES

BASAAR 2017. TEMA: HAWAII

28 OKTOBER 2017

TYD: 08:00 – 13:00

PLEK: NG WES KERKTERREIN
(H/V CHARL CILLIERS- & KRUGERSTRAAT)

TE KOOP:

VLEIS, PANNEKOEK, KOELDRANK,
POEDING, KERRIE & RYS,
WORSBROORDJIES, PAP, SOUTS EN WORS,
TEE-TUIN, GROOTKOEKE, KLEINKOEKIES,
BOEKE, SNUFFELBOUTIQUE, BILTONG, EN
PLANT-NEE

IETS VIR GROOT KINDERS EN
KLEINKINDERTJIES ASOOK 'N
"CAR BOOT SALE".

INDIEN JY JOU GOEDJIES WIL KOM
VERKOOP BY ONS "CAR BOOT SALE" IS DIT
R100, SKAKEL GERUS DIE KANTOOR
BY 017 712 3034 OM TE BESPREEK.

In Memoriam



COENIE BRUWER is op 4 Augustus 2017 oorlede in Herfsland, Kempton Park.

Saam met Dr Willie Bruwer, was hulle die 1e predikantspaar wat Kempton-Kruin help opbou het oor 22 jaar (1976 tot 1998).

Coenie sal veral onthou word vir haar opregte liefde vir haar medemens, en haar hande wat nooit stil was nie.

Dekades se geldinsamelings projekte, blomme rangskikkings vir die kerk, en 'n koppie tee vir ieder en elk wat by die pastorie instap.

Sy was een liewe mens wat lekker kon lag, en ure oor boeke, plante en geskiedenis kon gesels.

Haar liefde vir blomme sal almal onthou.

Haar dood was, soos haar lewe, 'n boodskap van verlossing:

"Aangesien ons geregverdig is deur Christus se offer, het ons vrede by God" (Rom 5:1).

CATHY
Genade
VILJOEN



TRIO RECORDS

NG KERK BRAKPAN-OOS

NOOI ALMAL HARTLIK UIT NA DIE SPESIALE
LOFPYSINGS-BEDIENING...

DATUM: **SONDAG, 15 OKTOBER 2017**

TYD: **09H00** Oggenddiens

PLEK: **NG KERK BRAKPAN-OOS**

ADRES: h/v BOUNDARY- EN LAPPINGWEG,
BRENTHURST (tussen Brakpan High
School & Brenthurst Primary)

**TOEGANG IS GRATIS – VRYWILLIGE BYDRAES
SAL OPGENEEM WORD.**

**ALMAL WELKOM. CD VERKOPE NA AFLOOP VAN
OPTREDE IN KERKSAAL**

Jy word hartlik uitgenooi na

Breakfast *at* Tiffany's

met Hannes van Wyk,
aanbieder van Kwêla op
kykNet en skrywer van die
boek 'Vroue na aan my Hart'



10:00 op Saterdag, 28 Oktober 2017 by
NG Weltevreden, Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark

R250 per persoon of R2,300 vir 'n tafel van tien

Drag: "Audrey Hepburn"



uitkoms
HOME FOR GIRLS

Fondse ten bate van die
Uitkoms Tehuis vir
Dogters in Observatory

Boeke sal ook te koop aangebied word

Kontak Tanya Krause by
marketingconsultant@uitkoms.org.za
om jou plek te bespreek.

"Qu'ils mangent de la brioche" (Laat hulle koek eet)

~Marie Antoinette~

Die legende oor die bekende frase deur die Franse koningin gedurende die groot hongersnood in Frankryk sal ons verseker nooit vergeet nie. Marie Antoinette was klaarblyklik onkundig en oningelig oor die gevolge van die hongersnood in die land. Haar informante het haar in kennis gestel dat die mense van die land geen brood het om te eet nie. Haar antwoord daarop was bloot **"Laat hulle dan koek eet"**

Ons is die laaste paar maande werklik geseën deur donasies van heerlike kos produkte. Dit sluit in luukse wat ons nooit verwag het nie, van koeke, plaasbotter croissants, koue vleise en nog baie meer. Aan die verskeie kettingwinkels wat dit voorsien het sê ons baie dankie. Ons is ook dankbaar vir die belofte van nog vele meer sulke donasies in die maande wat kom.

Wat ons wel steeds kortkom is die daaglikse kostes wat elke kind op ons Langlaagte kampus beloop. Ons ontvang tans staatsbefondsing asook sinodale befondsing waarvoor ons baie dankbaar is. Op die onderstaande tabel kan U sien hoe per kind inkomste en uitgawes lyk.

Langlaagte uitgawes 2017	Per kind per dag	Langlaagte inkomste 2017	Per kind per dag
Personeel	R 122.52	Staat befondsing	R 89.59
Munisipale kostes	R 45.56	Sinodale befondsing	R 3.81
Perseel onderhoud	R 9.25	Totaal	R 93.40
Voedsel	R 22.94		
Opvoeding en ontspanning	R 4.05		
Vervoer	R 14.26		
Klere en toiletware	R 3.54		
Terapie	R 4.34		
Skoonmaak produkte	R 2.47		
Sakgeld, medisyne, sekuriteit	R 10.41		
Versekering, telefoon & toerusting huur	R 6.20		
Waardevermindering	R 10.78		
Finansiële dienste	R 23.07		
Bemarkings dienste	R 23.07		
Menslike hulpbronne	R 5.13		
Totaal	R 307.58	Tekort	R 214.18

Vir slegs:

- R214.00 per maand kan U n kind borg vir die totale tekort wat ons nodig insluitende behoorlike bestuur.
- R163.00 per maand kan U n kind se direkte kostes dek wat nodig word.
- R99.00 per maand kan U n kind se basiese benodighede dek, (Kos, opvoeding, huis onderhoud, munisipale koste, vervoer, klere en toiletware)

Vir enige verdere inligting kontak my gerus:

Dirk Kotzé

Maatskaplike Fondsonwikkelaar
Cell: 076 704 6903
E-pos: dk@abrahamkriel.org

Bank Besonderhede. Verwysing – Borg n kind

Abraham Kriel Childcare
Bank: ABSA
Tak: High street Brixton
Acc no: 140941336





Die hoogtepunt van die sentrale Reformasie 500 Feesvieringe deur die Tussen Kerklike Raad (NG, NH en GKSA), vind op

**Sondag,
29 Oktober 2017**

in die kerkgebou van die NG Kerk Universiteitsoord plaas.

Dit is in die vorm van twee eenderse fees-eredienste, die middag om **15:30** en die aand om **18:30**.

As predikers tree Prof. Gert Breed en Dr. Stephan Joubert op, terwyl Ds. Hannes van der Merwe as liturg optree. Dit word voorafgegaan deur 'n historiese visuele program, 'n 30-instrument simfonieorkes onder leiding van Braam van Tonder en 'n massakoor onder leiding van Renette Bouwer.

R30 per kaartjie. Kaartjies kan bespreek word by Natassja Marais (pa@ngkhoeveld.co.za).

Wat is die nut en waarde van Luther se Reformasie vir ons, vandag?

- Christus is in die middelpunt van die kerk, nie die pous nie.
- Ons kan die Bybel in ons eie taal lees en verstaan.
- Die Bybelse boodskap het finale gesag, nie die kerk se vergaderinge of tradisies nie.
- Almal kan aan die erediens deelneem en die Here loof, nie net 'n seunskoor nie.
- Almal kan aan die nagmaal deelneem, en wyn en brood geniet.
- Die Skrif is in die middelpunt van die erediens, nie 'n altaar waar Jesus steeds geoffer word deur die priester nie (Die sg. Mis). Jesus het self eens en vir altyd sy offer voor God gebring as Hoëpriester in die hemel self.
- Ons het net twee sakramente en nie meer sewe nie.
- Ons sien nie die sakramente as houers waardeur die genade oor ons uitgestort word nie.
- Ons hoef nie ons sondes voor 'n priester te bieg nie.
- Ons is almal priesters wat vir ander mag bid en mekaar mag bedien.
- Ons is nie meer bang vir God, die oordeelsdag of die hel nie.
- Jesus alleen is ons Middelaar wat vir ons vrymoedigheid gee om naby aan God te leef.
- Ons weet ons is uit genade vrygespreek van al ons sondes, deur geloof en nie uit verdienste of weens ons goeie werke nie.
- Ons doen goeie werke uit dankbaarheid en nie om 'n plekkie in die hemel te probeer verdien nie.
- Leraars het almal gelyke gesag, want daar is nie biskoppe en aartsbiskoppe en kardinale nie.
- Ons bid nie deur Maria of die heiliges nie, maar ons respekteer Maria en is dankbaar vir die voorbeeld van toegewyde Christene.
- Daar is godsdiensvryheid.
- Pa en ma is die hoogste amp, nie pouse of konings nie.
- Die huwelik is heilig en predikante mag trou.
- Skool en Kollege en Universiteit moet ook Christelike beginsels najaag en verkondig.

Luther se naam beteken "Die Vrye" en in Christus het hy hierdie heerlike vryheid ontdek wat hom bevry het van die mag van die sonde, en die gevolge en straf op sonde, tydelik of ewig. In die Skrif sien en beleef ons die genade van God omdat Hy ons vryspreek van al ons sonde, en ons in Hom 'n nuwe identiteit en nuwe lewe ontvang. Die eerste is passief (vryspraak, regverdiging), sonder enige verdienste of bydrae van ons kant, die tweede is aktief (nuwe lewe), en so dien ons God en mekaar. Ons is steeds onverdienstelike diensknegte, sonder enige verdienste. Die goeie wat ons doen, is in elk geval die vrug van die Gees in ons lewe. Alle verdienste is Syne. Alle lof en eer kom Hom toe.

Mag ons leef in die vryheid van die Reformasie, en aanhou reformeer!

"Die genade van ons Here Jesus Christus, en die liefde van God en die gemeenskap met die Heilige Gees, sal met julle almal wees en bly".

Dr Danie Malan

Voorsitter - Diensgroep: LAS



REF 500 FEESGELEENTHEDE DEUR DIE TKR AANGEBIED

Maarten Luther... Genade Alleen



Met die bekende akteurspaar Carel Trichardt as Maarten Luther en Petrus Wessels as die verteller, speel die veelbewoë lewe van Luther op die verhoog af. Na die sukses van *Die Groot Gryse* tydens die GKSA se 150-jarige fees, waarin Carel die rol van Paul Kruger treffend vertolk het, het hy Ds. Cassie Aucamp versoek om 'n verhoogstuk te skryf oor Maarten Luther.

Hierdie stuk neem die gehoor deur die hoofmomente van Luther se lewe en die innerlike stryd wat in hom woed en uitloop op die onstuitbare golf van die Reformasie. Die kernwaarhede van die Reformasie word met die lewe van Luther as dekor by die gehoor tuisgebring. Die blywende indruk is die van genade alleen.

Katrien Holm sorg vir bypassende musiek met klavier, viool en fluit.

Die stuk word aangebied deur verskillende gemeentes en instansies, soos in die Feesrooster aangedui.

Uit Diep van Donker Nagte

Dit was net logies dat die verhoogstuk wat tydens Aardklop 2001 soveel belangstelling uitgelok het met die 500-jarige viering van die Reformasie weer opgevoer sou word. Ina Opperman is die skryfster en regisseuse.

Die gehoor word op verrassende wyse midde in die dramatiese gebeure geplaas wat 500 jaar gelede afgespeel het in die lewens van gewone gelowiges. Kyk gerus weer na Die Kerkblad van Augustus om onder die indruk van hierdie treffende produksie te kom.

Kom herleef die dramatiese gebeure van Luther en sy tydgenote, Calvyn en Guido de Bres, die Bartholomeusnag en die Hugenote se vlug na Suid-Afrika.

Die produksie word aangebied by die Gereformeerde Kerk Centurion van 25 tot 28 Oktober. Kaartjies is reeds beskikbaar by Tickets.tixsa.co.za/event/udvdn. Vir navrae stuur 'n e-pos aan navraeddn@gmail.com.



ERFENISMAAND en OUERPERSONE WEEK (30 Sept – 6 Okt)



Ps 71:9

*Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie,
moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegee het nie.*

Erfenismaand en Ouerpersone week loop hand aan hand in Oktober. In die Woord van God vind ons verskeie verwysings na eerbied en versorging van ouer persone, maar in ons gejaagde en selfsugtige samelewing word ouer persone baie maal eenkant toe geskuif.

CLF UITDAGING VIR OKTOBER!

Reik uit as gemeente uit na ouer persone:

- Speletjies geleenthede waar vaardighede met speletjies soos slangetjies en leertjies, Monopoly, domino's, kaartspel tussen jongspan en ouer garde getoets word
- Besoek 'n aftree-oord en deel lentebloem en bemoedigende CLF pamflette met inwoners.
- Neem een van CLF se pragtige Kinderbybels en lees weekliks daaruit voor vir verswakte bejaardes in die siekeboeg.
- Reël 'n fondsinsamelingsbraaigeleentheid ten bate van 'n aftree-oord en nooi van die inwoners om saam te kuier.
- Seën 'n eensame bejaarde met 'n kuier en 'n pragtige grootdruk "Vind troos by die Trooster" CLF dagstukkiesboek @ R75 (posgeld uitgesluit)

EN ONTHOU DIE VOLGENDE:

Jou geestelike erfenis word gekenmerk deur die manier waarop jy in God se voetspore gevolg het en jou spore wat jy nalaat vir ander om te volg tot voor Sy troon.

Vir navrae of bestellings skakel 021 873 6964 of stuur epos aan info@clf.co.za



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Die boodskap van

geloof, hoop en liefde



PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais [pa@ngkhoeveld.co.za].

[Klik hier](#) vir 'n lys van Pastorale Beraders.

DATUMLYS



'n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is [hier](#) beskikbaar.

AFLOSPREDIKANTE

[Klik hier](#) vir 'n lys van aflospredikante.

VAKATURES



[Klik hier](#) vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

Organisasie / Instansie	Vakante pos	Sluitingsdatum
NG Gemeente Alberton-Suid	Medeleraarspos	2 Oktober 2017
NG Gemeente Stellenberg	Voltydse leraar	6 Oktober 2017
NG Gemeente Welbekend	Musiek / Aanbiddingsleierspos	31 Oktober 2017
CLF	Redakteur & Bemarkingsbestuurder	So spoedig moontlik

Vir meer inligting oor die bogenoemde vakatures, [klik hier](#).

GEBEURE

In 'n neutedop...

OKTOBER

- | | | | |
|-------|---|----|--|
| 1-4 | Ekofaktorkamp
Oostelike Sinode | 27 | Dewald Gouws en sy orkes
NG Kempton-Krag |
| 14 | Martin Mans optrede
NG Primrose-Heuwel | 28 | Basaar
NG Standerton-Wes |
| 15 | Cathy Viljoen "Genade"
NG Brakpan-Oos | 28 | "Breakfast at Tiffany's"
Uitkoms Tehuis vir Dogters |
| 21 | Missionele Werksessie
NG Sinode Hoëveld | 29 | Kerkhervorming - Fees-eredienste |
| 25-28 | "Uit Diep van Donker Nagte"
Aangebied by die Gereformeerde
Kerk Centurion | | |

NOVEMBER

- | | | | |
|----|--|----|--|
| 3 | NG Brakpan 100ste bestaansjaar
feestyd | 18 | Jak de Priester optrede
NG Lynnwood |
| 15 | Coenie de Villiers optrede
NG Kempton-Hoogland (Kairos) | | |

Die 2018 Kerkkalender is hier beskikbaar.



**Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die
nuusbriëf plaas.**

**Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by
jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs
na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!**



BESOEK ONS OOK OP FACEBOOK

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD



VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, oortreding van die Outeursreg Wet 98 van 1978 soos gewysig, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgedhou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbriëf skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.